MEDIAVERKLARING ***VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING***

KANONSKOOT VIER 175 JAAR

Pretoria, 28 Januarie 2013. ‘n Skeepskanon uit die 19de eeu met die naam Susanna, sal presies om 12:00 op Vrydag, 1 Februarie by Fort Schanskop op die terrein van die Voortrekkermonument afgevuur word. Dit word gedoen ter viering van die 175ste jaar na die Groot Trek en is deel van verskeie aksies wat hierdie jaar deur Afrikaanse kultuurorganisasies beplan word. Susanna sal tot einde Desember op elke eerste Vrydag van die maand om 12:00 afgevuur word.

Susanna is tydens opknappings in die sewentigerjare by die *Cape Town High School* opgegrawe. Die kanon is geïdentifiseer as ‘n sespond-skeepskanon wat dateer uit 1820. Tydens die Groot Trek het baie van die Trekkers van hierdie kanonne met hulle saamgeneem die binneland in. Afgetrede vlootkommandeur Gerry de Vries, medeskrywer van die boek *The Muzzle Loading Cannon of South Africa,* het die skool namens die Voortrekkermonument genader wat op soek wat na ‘n kanon vir gebruik op spesiale geleenthede.

Die skoolraad het in 2002 besluit om die kanon aan die Voortrekkermonument te skenk, aangesien dit histories by die monument ‘n tuiste sou vind. Die kanon is in April 2003 deur die Monument in ontvangs geneem nadat personeel by die monument ‘n kanonwa daarvoor laat bou het.

Persone wat slegs die verrigtinge rakende die afvuur van die kanonskoot wil bywoon, betaal slegs R10 toegang tot die terrein. Indien die Monument besoek word, geld alle ander toegangsfooie. Navrae kan gerig word aan Geraldine by 012 326 6770 of by bemarking@voortrekkermon,org.za.

UITGEREIK DEUR:
SONJA LOMBARD
BESTURENDE DIREKTEUR
VOORTREKKERMONUMENT
Tel: 012 326 6770
Faks: 012 326 8374
E-pos: sonja@voortrekkermon.org.za